GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.
2024

NUKLEUS KULTUUR

GRAAD 4 GEDIGTE:

MENEER IGNOREER

Meneer Ignoreer!
Dis my naam vandag.
Om anderpad te kyk,
dis my superkrag.
Maak nie saak wie my vandag
wil treiter of terg nie.
Dis water op ‘n eend se rug.
Ek gaan my nie vererg nie.
Is jy op soek na moeilikheid?
Hier gaan jy dit nie kry nie.
Lus vir stry en skoorsoek?
Jammer, ek’s nie in die bui nie.
Jy kan maar name noem;
ek maak of ek nie hoor nie.
My humeur pas ek mooi op;
ek gaan dit nie verloor nie.
Maak nie saak of jy my skel
of leuens oor my vertel nie.
Noem my Koning Koel en Kalm;
niks kan my onstel nie.
Maar...
... dalk moet jy liewer
nie iets doms prober nie –
môre is ek dalk nie meer
Meneer Ignoreer nie!

Jaco Jacobs

DRAAKDOEPA

Raak jou draak
tam en moeg?
Het hy ophou
vlamme spoeg?
Voel jou draak
flou en verlep?
Volg dié
maklike resep.
Neem ‘n hal-
we koppie kerrie,
twee eetlepels
peri-peri,
brandrissies
(‘n emmer vol)
en meng dit
in ‘n groot kastrol.
Laat dit dan
‘n uur lank kook
tot dit gloei
en sis en rook.
Sprinkel biskruit
oor na smaak
en voer dit warm
vir jou draak.
Net een happie
is genoeg...
Jou draak sal lustig
vlamme spoeg!

Jaco Jacobs

HOENDERMISPASTEI

Hoendermispastei
is ‘n baie rare dis,
met ‘n nare hoofbestandeel.
(Jip, dis hoendermis).
As jy wonder hoe dit smaak –
ek moet erken ek weet nie.
Niemand wat ek ken,
het dit nog ooit geëet nie.
Dalk wil jy dit proe,
dalk soek jy ‘n skeppie,
maar geen resepteboek
bevat daardie resep nie.
Nêrens waar ek was
kon ek dit nog ooit bestel nie –
by geen goedkoop straatkafee
of peperduur hotel nie,
dit is nêrens te kry
in ‘n vyfsterrestaurant nie,
dit help nie eens jy soek
in die verste, verste land nie.
Nêrens op ‘n spyskaart
kry jy hoendermispastei nie.
Maar sê my nou doodeerlik –
is jy nie ook maar bly nie?

Jaco Jacobs